

Die Bron van Kwaad – Francois Malan

Werner vra

Ons bely onder andere dat God goed is en dat God liefde is. Ons aanvaar ook dat God alles geskape het wat bestaan. Gegewe bogenoemde, waar kom “kwaad” dan vandaan? Daarmee saam, kan ons aanvaar God het die engele geskape met die kennis van goed en kwaad aangesien Lucifer hoogmoedig geraak en die kwaad gekies het? Waarom sou God dan ‘n wese (engel of mens) skape met die wete dat hulle kwaad kan kies? Verder nog, waarom die boom van kennis van goed en kwaad in die tuin van Eden plaas en daardeur die mens die keuse gee om te kies as God geweet het ons gaan verkeerd kies? Laastens, waarom het God dan nie die gevalle engele eers in die hel opgesluit voor Hy die mens op die aarde geplaas het nie want dan sou die “slang” nie ‘n rol gespeel het nie.

Antwoord

Prof Francois Malan antwoord:

Volgens Genesis 1:26 is die mens geskape na die beeld en gelykenis van God, as verteenwoordiger van God en instrument in die hand van God. In en deur die mens se optrede (sy werk, 1:28; 2:15) en verhoudings (1:27) word God sigbaar teenwoordig in die skepping. God heers oor die wêreld, en die mens kry van Hom die opdrag om te heers (1:28), om God se heerskappy oor die wêreld in stand te hou en deur te voer. God is liefde – liefde is ‘n verhoudingsterm. Die eenheid tussen die Vader en die Seun en die Heilige Gees is ‘n liefdeseenheid. Dit is ‘n liefde wat dien en gee en nie gryp en oorrumpel nie. Hy heers in en deur liefde wat trek (1 Joh 4:7-10; Joh 12:32-33). Die mens is geskep om die liefde van God uit te leef deur mekaar en ander uit liefde te dra en te verdra met liefdevolle diens

(vgl. Mark 10:45). Alles wat God gemaak het, is goed (Gen 1:31).

Waar kom die kwaad vandaan?

God het die mens nie geskape soos 'n stok en 'n blok wat Hy links en regs kan neergooi soos Hy wil nie, maar Hy het juis die mens geskape in sy 'gelykenis,' om as sy verteenwoordiger op aarde te lewe in verantwoordelikheid teenoor God, om in alles wat die mens dink en doen en sê dit sal gaan om die wil van God. Daarin was Jesus vir ons 'n voorbeeld van 'n egte mens: Die woorde wat Ek vir julle sê, sê Ek nie uit Myself nie, maar dit is die Vader wat in My bly en sy werke doen (Joh 14:10). Die mens is gemaak met die moontlikheid van bewuste keuse, sodat die mens in vryheid kon aanvaar en bevestig waarvoor God hom bestem het. Genesis 2:16-17 beeld dit uit met God se keuse aan die mens: 'Van al die bome in die tuin mag jy eet soos jy wil, maar van die boom van kennis van goed en kwaad mag jy nie eet nie. Die dag as jy daarvan eet, sterf jy.' Anders as die dier kan die mens beredeneerde beslissings neem. Om mens te wees beteken om deur God se woord aangespreek te word, en uit vrye keuse die woord te gehoorsaam. So het God die mens as sy gespreksgenoot geskep wat Hom in vryheid liefhet, nie uit dwang nie, maar in kinderlike gehoorsaamheid aan sy Vader.

Die sonde kom in 'n gemaskerde gestalte na die mens. Agter die masker van 'n dier, waaroor die mens heers, kom die Satan, vermom soos 'n engel van die lig (soos die valse apostels in die gemeente van Korinte as dienaars van Satan, wat hulle self vermom as apostels van Christus, 2 Kor 11:14). Die sonde kom as versoeking. God stel die mens op die proef om te weet of hulle Hom werklik met hulle hele hart liefhet (Deutr. 10:12; vgl. Abraham wat vir Isak moes offer, Gen 22:12). God se doel met sy beproewing van die mens is 'n demonstrasie van geloof en vertroue in God. Maar Satan gebruik die beproewing as 'n

versoeking om die mens te laat optree teen God en teen sy medemens en vir homself. Deur sy eie keuse val die mens in die sonde. Genesis 3:4-6 beskryf dit met die gesprek tussen die slang en die vrou. Toe die vrou besef het dat die boom se vrugte goed is om te eet en mooi om na te kyk en begeerlik omdat dit kennis kan gee, om soos God te wees en alles te kan ken, ook die kwaad, het sy geëet – en so vir haarself gekies teen God, en haar eie god geword vir wie sy in selfsug lewe; nie in liefde vir God en ander mense en ander skepsels en God se skepping nie. Sonde begin in die verhouding van die mens tot God en brei daarvandaan verder uit teen ander mense en die skepping. Dit begin met twyfel oor God en die billikheid van sy gebod. Dit lei tot hoogmoed om self soos God te wees. Dit lei tot ongehoorsaamheid teenoor God en ongeloof in God. Met 'n leuen verlei die Satan die mens (vgl. Joh 8:44 die duiwel is 'n mensemoordenaar van die begin af; 'n leuenaar en die vader van die leuen). Christus kom die mens daarvan verlos deurdat Hy, wat self God is, sy lewe in ons plek uit liefde offer aan 'n kruis en ons van die mag van die sonde bevry deur al ons sondeskuld teen God op Hom te neem, en ons weer kinders van God maak wat in Hom glo en op Hom vertrou as die Here van ons lewe aan wie ons gehoorsaam is, want sy pad is die beste.

Menslike sonde veronderstel 'n versoekende mag. Hierin verskil die menslike sonde van die duiwel se sonde, wat nie deur 'n versoekende mag of 'n versoeker voorafgegaan is nie. Daarom is die mens vir verlossing vatbaar, en die duiwel nie.

Volgens Judas 6 was die duiwels eers engele wat hulle nie aan hulle magsgebied gehou het nie. 2 Petrus 2:4 noem hulle engele wat gesondig het en vir die oordeel gevange gehou word. Volgens Johannes 8:44 noem Jesus die leier van die duiwels 'n mensemoordenaar en vader van die leuen wat nie by die waarheid staan nie. Mat 25:41 praat van die duiwel en sy engele. In Luk 10:18 sê Jesus: Ek het die Satan soos 'n weerligstraal uit die hemel sien val. Volgens 1 Tim 3:6 het hy verwaand geword en het daarom onder God se oordeel geval. Openb. 12:4 verwys

waarskynlik na die Satan en 'n derde van die engele wat in opstand teen God gekom het (die sterre waarna 12:4 verwys is waarskynlik engele, soos in 9:1). Uit die gegewens kan afgelei word dat die duiwels vroeër engele was wat deur God geskep is met die verhewe status as dienende geeste in die hemel (vgl. Ps 103:20-21) – waarskynlik na die skepping en voor die sondeval van die mens. Hulle wou nie hulle dienende status onder God aanvaar nie, en uit hoogmoed oor hulle status en uit selfverheffing het hulle die verhewe status verloor. Die opstand teen God word sonde genoem en op grond van hulle sonde is hulle uit die hemel uitgegooi. Met die kruisdood van Jesus, wat al die sonde van die wêreld op Hom geneem het, is die duiwel die grond vir alle aanklagte by God teen die gelowiges vir die duiwel (Grieks: *diabolos*: aanklaer, lasteraar) ontnem. Maar nou woed die duiwel en sy trawante om die gelowiges van God te vervreem, met verleiding, leuens en geweld. Daarom word gelowiges dwarsdeur die Bybel opgeroep om te volhard in hulle styrd teen die duiwel en sy versoekings, deur steeds op Jesus te vertrou en God in liefde te dien met die liefdeskrag van die Heilige Gees wat in ons kom woon het.

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

Kanale waardeur die liefde vloei

The role of a pastor is not to grow a big church. The pastor's role is to grow mature disciples who make disciples. – Rick Howerton

Kanale waardeur die liefde vloei

Die doel van hierdie opdrag is om liefde te wek wat uit 'n rein hart, 'n goeie gewete en 'n opregte geloof kom (1 Timoteus 1:5).

In 1 Timoteus 1:5 antisipeer Paulus sy hantering van die vals onderrig van die wet (vs 7 – 11) deur die wet se ware doel op te som. Die lesers weet van watter liefde Paulus hier praat en daarom sê hy niks meer hieroor nie. Hy wys egter op die drie kanale waardeur die liefde vloei: hart, gewete en geloof.

1. Hart – die hart is die mens se binneste wese. Paulus sê dat die hart rein moet wees – Die rein hart is die hart wat voortdurend van sonde skoongemaak word deur die reinigende werk van God.
2. Gewete – die mens het Godgegewe vermoë om die reg of verkeerd van 'n optrede te evalueer, want die mens is na die beeld van God. Die mens mag die waarheid onderdruk en die gewete se funksionering beskadig, maar dit bly 'n instrument waardeur God se standaarde (die vereistes van die wet) op die hart van mense geskrywe word. *Ons is daarvan oortuig dat ons gewete skoon is, omdat ons in elke opsig probeer doen wat reg is (Heb 13:18).*
3. Geloof – ek vertrou in en op God. Hierdie geloof moet opreg wees. Liefde word gekanaliseer deur diegene wat waarlik glo dat God deur sy Gees daardie liefde wat hulle moet gee, voorsien.

Sommige, die vals leraars, het afgedwaal van die kommer oor 'n rein hart, 'n goeie gewete en 'n opregte geloof. Inteendeel, hulle hou hulle besig met twisgesprekke. Vals leer bevorder twisgesprekke, verwarring, snobisme, haat en wantroue, want dit is leë praatjies. Die gesonde leer bevorder liefde.

Meer liefde in die gemeente

The palest ink is better than the best memory. "- Chinese Spreekwoord

Meer liefde in die gemeente

Een van dié belangrikste faktore vir die groei van die koninkryk van God en die groei van die gemeente is liefdevolle Christene. Gemeentes moet gemeenskappe van liefde wees. Dit is liefde wat mense bereik. Jy kan nie mense in die koninkryk in argumenteer nie. Met liefde kan jy hulle in die koninkryk kry.

Hoe doen jy dit? Rick Warren sê met drie stappe:

- Aanvaar almal

Daar is gemeentes wat uit geestelike snobs bestaan – ons het dit en julle nie. Hoekom sukkel ons so om ander te aanvaar? Omdat ons glo aanvaarding en goedkeuring is dieselfde ding. Jy kan iemand aanvaar sonder om sy lewenstyl goed te keur.

Aanvaar mekaar dan, soos Christus julle ook aanvaar het, tot eer van God (Romeine 15:7). Dit is waar ons begin: aanvaarding. Kweek 'n gesindheid van aanvaarding in die gemeente. Die gemeente is 'n hospitaal vir sondaars en nie 'n hotel vir gelowiges nie. 'n Gemeente is 'n plek waar mense groei. Waar jy was, is nie belangrik nie. Wat belangrik is, is waar jy nou is en of jy vir Jesus ken.

- Waardeer almal

Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as die ander. Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander (Filippense 2:3 – 4). Waardering is meer as blote aanvaarding. Kry iets wat jy van hou en nie net aanvaar nie. Sê dit vir hulle. Onthou: dit sou 'n vervelige gemeente gewees het as almal dieselfde persoonlikheid gehad het.

- Bevestig almal

Praat mekaar moed in en versterk mekaar dan (1 Tessalonisense 1:11) As mense struikel, moenie kritiseer nie – wees langs hulle. Wees 'n bemoediger en nie 'n veroordelaar nie. Jy het net een geleentheid om 'n eerste indruk te maak. Maak seker die gemeente is vol mense wat die Here liefhet en dit op hulle gesigte wys. Groet mekaar. Glimlag.

Niks kan 'n gemeente gevul met liefde terughou nie. Maar dit gebeur nie toevallig nie – elke lidmaat moet daaraan werk. Almal dra by tot die atmosfeer in die gemeente. Liefde trek mense van buite in. God wag vir 'n gemeente wat al sy mense onvoorwaardelik liefhet.

Alles is liefde.

There may be times when we are powerless to prevent injustice, but there must never be a time when we fail to protest. -Elie Wiesel

Alles is liefde.

Om Jesus te volg, kom neer op die uitleef van twee gebooie ; Liefde vir God en liefde vir die naaste (Matteus 22:37 – 40). *Hom het julle lief al het julle Hom nie gesien nie (1 Petrus 1:8).* Dit gaan nie oor die nakom van 'n stel reëls nie. Nee, ons moet God liefhê en Hom geniet. Maar, en dit is 'n groot maar: *As iemand sê: “Ek het God lief,” en hy haat sy broer, is hy 'n leuenaar, want wie sy broer, wat hy kan sien, nie liefhet nie, kan onmoontlik vir God liefhê, wat hy nie kan sien nie (1 Johannes 4:20).* Ware liefde gaan altyd met opoffering gepaard: *Hieraan weet ons wat liefde is: Jesus het*

sy lewe vir ons afgelê. Ons behoort ook ons lewens vir ons broers af te lê (1 Johannes 3:16).

Ons kan nie ons liefde vir God van ons gehoorsaamheid aan Jesus Christus skei nie. God se liefde verander my van binne en daarom herdefinieer dit alle aspekte van my lewe. Daarom die vraag: Is God se liefde sigbaar in my optrede?